refer exclusively to black staff/students. Although some black students do seem to have the feeling that it should be a case of "out with all of the old" as far as UFS traditions are concerned and so passively condemn some common campus activities by non-participation, there is probably at least an equal number of white students who seem to be of the opinion that they had nothing to do with the past inequalities and therefore, being completely out of sympathy with the problems of the black students, want nothing to change at all. A binding and successful contract will need to spell out ways in which such differences can be aired and bridged, but which will also make all members of the community aware of their personal responsibilities to help make it a success.

## Aanstellings:

**Prof. R.B. van Buuren**, as Mede-Professor en Departementeel Voorsitter, Departement Ondernemingsbestuur.

**Dr. P.G. Lewis**, as Senior Lektor/Senior Spesialis, Departement Neurochirurgie.

**Dr. M.S. Pretorius**, as Senior Lektor/Senior Spesialis, Departement Obstetrie en Ginekologie.

**Dr. A. Van der Byl**, as Senior Lektor/Senior Spesialis, Departement Pediatrie en Kindersorg.

**Prof. J.C. de Wet**, as Departementeel Voorsitter, Departement Kommunikasie en Inligtingstegnologie.

**Prof. A. Roodt**, as Departementeel Voorsitter, Departement Chemie.

**Mnr. H. Huyssen**, as Senior Lektor, Departement Musiek.

**Dr. R. Meijboom, dr. G. Steyl** en **dr. A.J. Muller**, as Senior Lektor, Departement Chemie.

**Dr. C.N. Ndeya-ndereya**, as Senior Lektor, Sentrum vir Hoëonderwyssstudies en Ontwikkeling.

**Dr. M.J. Labuschagne**, as Senior Lektor/Senior Spesialis, Departement Oftalmologie.

**Dr. P. Loeb van Zuijenbur**, as Senior Lektor, Departement Musiek.

## Bevorderings:

**Prof. H. Du Raan**, na Mede-professor, Departement Geneeskundige Fisika.

**Dr. A. Joubert**, na Mede-professor, Skool vir Verpleegkunde


**Dr. R.H. van den Berg**, na Mede-professor, Skool vir Verpleegkunde


**Me. M.S. Ratsoane**, na Adjunkdirekteur, Departement Menslike Hulpbronne.

**Mnr. P.J. Gouws**, na Adjunk-Direkteur, Departement Fisiiese Hulpbronne.

**Mnr. N.T. Venter**, na Adjunk-Direkteur, Departement Akademiese Studentedienste.

**Dr. A.M. Gerber**, na Senior Lektor, Departement Basiese Mediese Wetenskappe.





# NRF commits R30-million for research at the UFS

The National Research Foundation (NRF) has committed approximately R30-million for various research projects at the University of the Free State (UFS).

According to Prof Frans Swanepoel, Director of Research Development at the UFS, the NRF has also approved all eight research niche areas that were submitted to the NRF, the highest number approved at any university in the country.

Prof Swanepoel said the 24 research projects for which funding had been obtained from the NRF ranged from traditional healing and HIV/Aids/tuberculosis management, practices of the paediatric anti-retroviral programme at the UFS to nano-materials synthesis and characterisation.

He said the eight research niche areas were part of an initiative at the UFS to establish strategic clusters of academic and research excellence.

"There will be six strategic academic clusters at the UFS and the eight NRF-

approved research niche areas will form part of them," Prof Swanepoel said.

The proposed strategic clusters are:

1. Water management in water-scarce areas
2. New frontiers in poverty reduction and sustainable development
3. Social transformation in diverse societies
4. Ecologically sound value chains for agricultural commodities
5. Materials and nano sciences
6. Advanced bio-molecular research

Prof Swanepoel said that the UFS had also submitted five proposals in terms of an NRF initiative to establish research chairs at South African universities.

"Linked to our intention to establish six strategic academic clusters, five proposals for the South African Research Chair Initiative (SARCHI) were submitted. All five pre-proposals were accepted in the first round of screening, and successful candidates have been

invited to submit full proposals by the end of February," he said.

The proposed research chairs are:

1. Petro- and organometallic chemistry
2. Biocatalytic and biomimetic oxidation-reduction systems
3. Nano-solid state lighting
4. People's health and well-being
5. Water management

Speaking at the official opening of the university earlier this month, the Rector and Vice-Chancellor of the UFS, Prof Frederick Fourie, said: "The cluster initiative represents a strategic initiative to focus our energies in a few key areas, investing in them so that the UFS can become an international leader in those fields."

"A medium sized university such as the UFS with relatively limited human, physical and financial resources has to achieve this kind of 'critical mass' and synergy to establish itself in terms of its core functions of teaching/learning, research and community engagement," said Prof Fourie.

## UV se hokkie-astro nou oop vir gebruik




Die UV se hokkie-astroprojek, is een van die universiteit se grootste sportbeleggings. Agtien maande gelede het die universiteit met die projek begin waarin vyf skole vennote is. 'n Groep mans- en dameshokkiespelers het onlangs vir die eerste keer op die nuwe astrobaan gespeel. Studente en skoolkinders sal die astros gebruik. Prof. Frederick Fourie, Rektor en Vise-kanselier van die UV, en mnr. James Letuka, Direkteur: KovsieSport, is hier in aksie op die UV se nuwe astrobaan.


## Oud-mej. Suid-Afrika-finalis gasspreker by projek



Die graadvierdogters van die Credence Primère Skool.

Cynthia Kruger en Lausanne Hugo, vierdejaarstudente van die Departement Maatskaplike Werk het 'n program geloods ter voorkoming van misdaad by die Trevor Barlow Biblioteek in Heidedal. Die graadvierdogters van Credence Primère Skool was die teikengroep.





# UFS staff presents workshop in Sri-Lanka





Staff from the Institute for Ground Water Studies (IGWS) at the UFS presented a workshop on the evaluation and management of ground water resources to geo-hydrologists at the University of Peradeniya in Sri-Lanka. The South African Disaster Management Fund carried the costs of the UFS staff. Seen here are, from the left: Dr H.A. Dharmagunawardhane, workshop co-ordinator, Mr Danie Vermeulen, researcher at the IGS, Dr Ingrid Dennis, researcher at the IGS, Mr Tikiri Kobbekaduwa, Governor of the Central Province, Sri Lanka, Prof. Gerrit van Tonder, head of the IGS, Mr Kalinda Pelpola, Programme Manager, Prof. H. Abeygunawardhane, Rector and Vice-Chancellor of the University of Peradeniya, and Prof. M.A.K.L. Dissanayake, Director: Postgraduate Institute of Science, University of Peradeniya.

## New lecturers learn the ropes



The Division Staff Development at the Centre for Higher Education Studies and Development presented an induction session for new lecturers at the UFS. From the staff presenting and attending the session were, from the left: Mr Chris Liebenberg, Director: Finance, Ms Ilse Smalberger, UFS Marketing, Mr Ricus Erasmus, Department Mathematics and Applied Mathematics, Ms Nalize Marais, Department Comparative Education and Educational Management, and Mr Tshele Moloi, Department Curriculum Studies.


## Hoofkampus se netwerk vang spoed!




**D**ie Netwerk-afdeling van die Departement Rekenaardienste is besig met 'n projek om die Hoofkampus se netwerk op standaard te kry. Mn. Christiaan Diedericks van hierdie afdeling sê: "Met hierdie projek beoog ons om deur die loop van die jaar elke gebou se netwerk in top-rat te kry. Daar word waar nodig nuwe koppelings met optiese vesel tussen geboue ingesit en alle netwerkaste word met nuwe toerusting ("switches") toegerus. Alle moontlike voorsorg word getref om die onderbrekings so min en kort as moontlik te hou." Hy vra personeel moet geduldig wees in die geval van onderbrekings.

Hulle het reeds met die George du Toit Administrasie-gebou begin.

Mnre. Lourens Erasmus en Renier Sonnekus van die universiteit se netwerktegnici het van die werk gedoen. Soos duidelik sigbaar uit die volgende voor- en na foto's, is dit 'n aansienlike verbetering.





# Wat sal jou gelukkiger maak?

**Om vir vandag te leef**



**Om vooruit te beplan vir mōre**



Met Sanlam Topaz het ek 'n portefeuilje van oplossings wat jou sal help om vooruit te beplan vir 'n versekerde toekoms. Dit help jou met:

- finansiële beplanning ○ lewens- en uitkeerpolisse
- studievoorsiening ○ beleggings en effektetrusts
- ongeskiktheids- en ongeluksdekking ○ spaarplanne
- beplanning vir aftrede

**Ek kan jou ook verwys na Sanlam-kundiges wat spesialiseer in:**

- Sanlam-huislenings ○ die opstel van testamente

**Ek kan reël dat jy direkte toegang het tot 'n uitgelese onafhanklike groep wat spesialiseer in:**

- korttermynversekering ○ belastingontleding

Skakel my gerus vandag nog vir 'n pasgemaakte oplossing.  
Ons dink vooruit. En jy?



**Ben Opperman**


Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur  
051 407 8156  
082 457 2240  
[benoprmn@intekom.co.za](mailto:benoprmn@intekom.co.za)


Sanlam CI0062MS1210BPA

GELISENSIEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIELE DIENSTE



*Ons dink vooruit*





# 5 Minute



## Assesseringskursusse en Red Bull

Dumela! Dagsê! Morning and welcome back on campus after a hot and wonderful holiday! I actually met a stunning and romantic woman during the holidays! I asked her where she originates from, and would you believe me, she came from Bloemfontein! I asked her why she stays in the same house as me. There was a moment of silence and with a shock I then realised she was my own wife! The wife I've been married to for 30 years! What a lovely surprise! I almost never saw her in 2006 due to work, work, and work! What a reunion my countrymen... what a lovely reunion!

I really hope you are all rested and ready for 2007. I'm sure it will be a better year with less paperwork – remember the audit? I've got it officially that lecturers will this year be allowed to do what they were originally appointed for, namely teach, research and community work. But really, *regtig, sowaar*, if it was not for the generous support of the university and faculties who provided assistants during the process, it would have been more of a nightmare. So thanks for that! I can't wait for the graduation ceremony to see who the real champions of this Varsity for 2006 were. You know those academics who could deliver post-graduate students on top of all the other extra work. I think the Chancellor should take note and spoil them with a winter trip to Mauritius. Bultjie will go along incognito and report back in *Dumela*. With wife! The trip can be sponsored by Red Bull.

Ek ontmoet 'n oud-Kovsie SR-voorioe, ds. Heerden van Niekerk, by die see en ons geniet 'n nagmaalwyntjie sommer so op 'n reënerige Woensdag om twaalf. Hy trou 'n paartjie in die Paarl met daai hemelhoeë kansel – die predikant moet omtrent vasklou aan die hout om nie halfpad hemel toe te vlieg nie! Bruidegom het duidelik die vorige aand al opgewarm en lyk bleek! Sy dasknoop wurg en die kraag is te nou vir so 'n aanmekaar opkyk "hemel" toe.

Heerden sien wat kom, want Bleekbruidegom se nekare styg en daal, styg en daal – elke keer met minder pres-

sure! So hy preek met spoed en min byvoeglike woorde – stormend vir die jawoord. Helaas, Bleekbruidegom se beentjies knak en hy kniel delikaat langs bruid, maar hou darem nog haar handjie so flou-flou vas. Beblislaer-se-bruid hou nie hiervan nie... maar sy staan! Strooijonker fluister verskoning aan predikant en glip uit die kerk om een minuut terug te sluip. Hy kniel ewe saggies voor Bleekbruidegom. Dominee loer oor die kansel uit die "hemel" na die gedoente doer onder in die sondige wêreld. Hy verloor amper sy amptelike predikantstem van skok! Strooijonker voer Bleekbruidegom stukkie vir stukkie met 'n stafie Kit-Kat en wissel dit af met kort slukkies Red Bull!

Twee minute later herryds die Bruidegom soos Lazarus en kom op sy voete! Heerden gaan op *fully-automatic* aan en die spulletjie sê "Ja" en als loop goed! Die aand by die troue praat Bruiddegom net drie sinne in sy toespraak voor hy weer gaan sit. "Skuus aan my bruid vir die loop sit in die kerk. Dankie, Danie jy my beste maat vir die hulp en mense.... al wat ek sê is... Red Bull gives you wings!"

So, kollegas, as julle voel die werk word te veel, onthou Red Bull gives you wings! Die volgende Maandag is daar kerkraadsvergadering en 'n tantetjie fluister vir Heerden iets terwyl 'n ander ouderling kla of vroue nie maar weer kan hoed opsit tydens die erediens nie. Sy fluister min of meer as volg: "My orle' man was ook 'n predikant..." Heerden: "O". Tante: "Is dit die eerste keer dat 'n bruidegom flou word in jou diens." Heerden verleë; "Ja" Tante met vonkel in die ogies: "Jammer vir jou dominee... My orle' man het SEWE PLATGEPREEK. Six to go vir jou!"


Nou ja vriende, synde dat julle vanjaar weer gaan lesings gee, laat ons nou nie 'n kompetisie aangaan om te kyk wie die meeste studente kan "platpreek" nie! Fasiliteer die leer my broeders en sisters! Fasiliteer! Moenie die spul vervaal nie! En vir almal wat die verpligte assesseringskursus nog moet deurloop – onthou "Red Bull gives you wings!"


*Bultjie*

## First-years talk about diversity



Mr Billyboy Ramahlele, Director: Diversity, presented a number of workshops on diversity to first-year students to sensitise them on issues of diversity on campus. Mr Ramahlele (front: right) with some of the first-year students who attended his sessions on diversity.





# Welstandsaanbevelings gaan opgevolg word

**D**ie bevindinge en aanbevelings van 'n Welstandsopname wat uitgevoer is op die drie kampusse van die UV sal geïntegreer word met die algehele beplanning vir die instelling ten einde die welstand van personeel aan te spreek.

Volgens prof. Magda Fourie, Vice-rector: Akademiese Beplanning, is bestuurskwesties een van die belangrike faktore wat die welstand van personeel beïnvloed. Sy het gesê hierdie bestuurskwesties sal in 2007 verder ondersoek word deur middel van 'n persepsie-audit en 'n opname oor dienslewering.

"Die welstand van personeel is vir die uitvoerende bestuur van groot belang. Ons gaan hierdie bevindinge en aanbevelings uit die opname baie ernstig opneem," sê sy.

Volgens die resultate het bestuurskwesties 'n statisties beduidende verband getoon met emosionele uitputting, sinisme, energie, toewyding, psigologiese stressimptome en oorweging van bedanking.

Aspekte wat as negatief ervaar is, sluit in 'n gebrek aan kommunikasie tussen die bestuur en werknelmers, wat meebring dat sommige personeellede voel dat daar min begrip is vir wat personeel op grondvlak beleef, dat personeel min inspraak het in besluitneming, dat bestuursbesluite ondeursigtig is en dat die bestuur 'n afsydige houding het teenoor werknelmers en min erkenning gee vir die belangrike bydrae van werknelmers.

Volgens die opsomming van resultate is die vlak van emosionele uitputting en sinisme op die Hoofkampus hoog, wat aantoon dat die respondenten gereeld gevoelens van emosionele uitputting ervaar en 'n negatiewe persepsie het van die sinvolheid van hul werk.

Die respondenten op die Qwaqua-sowel as die Vista-kampus het baie laer tellings op die uitbrandingskale getoon.

Doserende personeel het beduidend hoér vlakke van emosionele uitputting en sinisme gerapporteer as



Prof. Magda Fourie.

ondersteuningspersoneel. Vroulike respondenten het 'n beduidend hoér frekwensie van fisiese stresverwante simptome gerapporteer, terwyl junior lektore en medeprofessore ook 'n beduidend hoér frekwensie van fisiese stressimptome getoon het as ander doserende personeel.

Verskeie aanbevelings word gedoen om die multidimensionele aard van die oorsake van uitbranding en werkverwante stres aan te spreek. Op organisatoriese vlak sluit hierdie aanbevelings in:

- die herbeplanning van werkaktiwiteite, insluitende riglyne oor werkladung
- aanpassings ten opsigte van ergonomika en tegnologie
- die bevordering van deelnemende bestuur en groter sosiale ondersteuning
- die bevordering van billike procedures ten opsigte van menslike hulpbronne, soos verbeterde prestasie-evaluatingsprocedures en graweprocedures.

Op individuele vlak sluit hierdie aanbevelings in:

- die opleiding van werknelmers om aan nuwe werkverwante eise te voldoen


- die aanmoediging van 'n gesonde lewenstyl
- bestuursopleiding van werknelmers
- die voorbereiding van werknelmers op verandering deur middel van gereelde kommunikasie tussen die topbestuur en werknelmers
- 'n mentorstelsel vir jong personeellede
- opleiding in persoonlike vaardighede soos selfhandhawing, konflikhantering en kommunikasievaardighede.


Verskeie spesifieke voorstelle is ook gemaak, naamlik:

- die gereelde verspreiding van 'n elektroniese nuusbrief van die topbestuur
- meer geleenthede vir openbare debat tussen die topbestuur en personeel
- meer gereelde beloning van personeel deur middel van meritesertifikate, kleiner geskenkbewyse en prosedures waardeur werknelmers vir goede prestasie vereer word
- die verbetering van fisiese werksomstandighede wat prestasie belemmer en 'n onnodige bron van frustrasie is vir personeel, soos parkeerprobleme, lawaai, opplankantore en lugversorging.

Altesaam 1 039 vraelyste is aan akademiese en ondersteuningspersoneel in alle fakulteite (behalwe Geesteswetenskappe) en afdelings op die drie kampusse uitgestuur. Die responskoers van 68,2% vir die totale groep kan as goed beskou word, met 'n responskoers van 71% vir die hoofkampus.

Volgens prof. Fourie sal die kwesties in die opname 'n meerledige benadering vereis. Bestuursverwante kwessies sal aangespreek word deur die uitvoerende bestuur terwyl ander inisiatiewe wat reeds gedoen is, soos die instelling van die welstandskantoor en welstandsprogram, 'n verskil sal maak op 'n individuele vlak. "Dit is hoekom ons personeel aanmoedig om die welstandsprogram te ondersteun."





## Do not stress; stay positive in your workplace

**D**o you struggle to concentrate, are you tired and irritable more often, do you wonder what happens to your sense of humor, do you get into more arguments with your colleagues, do you get less done, are you getting sick more often, do you care less about work and do you find it difficult to get out of bed in the mornings?

If you have answered yes to three or more of these questions you suffer from work stress, according to Dr Piére Nel, psychologist from Bloemfontein. He recently addressed a group of staff members about stress in the workplace from a Christian perspective as part of the Wellness programme on campus.

Dr Nel defined stress as a result of a mismatch between the challenges you experience and your beliefs and ability to cope. "The challenges may come from sources external to you and may be the result of too much or too little pressure," he said.

He said that work stress can be triggered by a variety of factors such as heavy work load, too much responsibility at work, dissatisfaction with your current role or duties, a poor work environment (noise, isolation and danger), office politics, long working hours, problems with co-workers, lack of positive feedback, problems with your boss, job insecurity, limited chances for promotion, prejudice in terms of race, gender, etc., and poor pay.



*At a session organised by the Wellness Committee on campus were, from the left: Dr Piére Nel, psychologist in Bloemfontein, Ms Anja Groenewald, Department of Psychology, Ms Jenny Lake, Centre for Higher Education Studies and Development (CHESD), and Ms Annette Prins, also from CHESD.*

There is not much that we can do about the activating event of stress in our lives, e.g. working in a dangerous environment. However we can do something about the consequences of stress in our lives. Dr Nel gave some useful suggestions in coping with stress. "Shift your focus from your stress at work to the good, such as quality time with your family. Demonstrate your competence. Focus on and enjoy that which you excel in. Have a will to live. You are strong when you refuse to give up," he said.


Dr Nel said: "Instead of thinking how you alone will handle the situation, think how you, with the help of God will handle the situation."


Much stress is caused by staff members not feeling worthy of a better life. "Have a different view of yourself. Sometimes employees allow their employers to exploit them because they do not think highly of themselves. God sees us through different eyes. According to the Word of God we are awesomely, wonderfully created. You can do something about your situation," Dr Nel said.

## Staff learn to defend themselves

**P**rof. Dave Lubbe of the Centre for Accounting gave some advice on self-defence to a group of staff members who attended one of the Wellness lunch-hour sessions. Prof. Lubbe said with the right skills you can stand a chance to prevent an attack effectively or you may even save someone's life. Staff will also have the opportunity to attend a course in self-defence.

*At the session were, from the left: Inspector Albert Jooste, Provincial Public Order Policing at the South African Police Service, Prof. Lubbe, Mr Pieter Fourie, Computer Services, and Ms Zita Strydom, Secretary in the office of the Chief Director: Operations.*





# Praktyk word aan gehaltebeheer onderwerp

Jaarliks word studente in die Departement Maatskaplike Werk vir hul opleiding onder toesig geplaas van buite instansies soos Kindersorg, Ons Kinderhuis, Tserilisong Plek van Veiligheid, die Nasionale Hospitaal en die One Stop Child Justice Centre. "Dit help studente om teorie in die praktyk te integreer," sê mev. Annelie Böning, dosent in die Departement Maatskaplike Werk.

Onlangs het dr. Hannemarie Bezuidenhout, Bestuurder: Onderrig en Leer in die Dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe se kantoor, 'n werkswinkel vir mense van dié instansies, aangebied. Dr. Bezuidenhout se aanbieding het gefokus op hoe om geldige, betroubare kliniese assesering te doen. Sy sê: "Dit is 'n belangrike inisiatief in die fakulteit om belanghebbendes van buite te betrek om die gehalte van die opleiding te verseker."



By die werkswinkel van die Departement Maatskaplike Werk was, van links: mnr. Riaan du Plessis, proefbeampte by die One Stop Child Justice Centre, me. Marina Brewis, maatskaplike werker by die Nasionale Distrikshospitaal, me. Annelie Böning, dosent in die Departement Maatskaplike Werk, en dr. Hannemarie Bezuidenhout, Bestuurder: Onderrig en Leer in die Dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe se kantoor.

## Oordrag van Bybelkennis na jong kinders bekijk

Onder leiding van dr. Jackie du Toit, Senior Lektor aan die Departement Afro-asiatiese Studies en Taalpraktyk en Gebaretaal, is 'n groep van drie M-studente en een post-doktorale student besig met navorsing oor die interpretasie en oordrag van Bybelkennis van ouers na klein kinders.

Die doel van die projek is om te kyk hoe volwasse teks aan klein kindertjies oorgedra word met spesifieke fokus op wie vir die kinders lees. Dr. Du Toit sê: "Ons benader die projek vanuit die geslagshoek. Gewoonlik is dit vroulike gesagsfigure soos die ma, 'n ouma of 'n oppasser wat vir die kinders lees."

Die fokus is ook nie soseer op teologie nie, maar op inheemse kennissisteme – hoe 'n voormalige koloniale teks vertaal en verinheems is deur 'n diverse netwerk van Suid-Afrikaanse godsdienstige gemeenskappe. Met die klem op die Suid-Afrikaanse grondwet en taalregte, vra dr. Du Toit: "In hoe 'n mate is toegang bewerkstellig vir jong kinders om

Bybelse beeldte herwin in hul moedertaal of is Engels die verkose gesprekstaal vir godsdiensonderrig by die huis?"


Met die visuele en letterkundige uitbeelding van die Bybel in kinderliteratuur in Suid-Afrika kyk dr. Du Toit ook na die visuele en letterkundige beeldte wat die beste vertaal is om deel te word van Suid-Afrikaanse inheemse kennis. "Die interaksie tussen teks en illustrasies is baie belangrik. Daar word gekyk of die twee bymekaar pas, na die kleur, en die kulturele hiërargie daarvan. Daar is duidelike kultuurverskille in versal die illustrasies. In baie van die Kinderbybels op die Suid-Afrikaanse rakke word die Amerikaanse kultuur uitgebeeld," sê dr. Du Toit.


Dr. Du Toit wil nie net by Bybels bly nie; dit is egter die enigste bron wat klaar in al elf amptelike landstale beskikbaar is. Die navorsingspan werk hoofsaaklik vanuit die oorspronklike Hebreeuse/Griekse vertalings van die Bybel wat vir kinders vertaal is. "Ek sal graag die projek na ander jeugboeke ook wil uitbrei. Gesagsfigure kommuniki-

keer met kinders in hul moedertaal. Daar is ook 'n groot behoefte aan moedertaalonderrig en jeugboeke wat voorsiening maak vir illustrasies eie aan 'n kultuur is 'n groot ideaal," sê sy.

Nog 'n interessante fokus van die navorsing is die invloed van die uitgewersbedryf op die aard van godsdiens in kinderboeke. Volgens navorsing wat gedoen is, fokus uitgewers op wit vroue in hul middel der tigs. Met die navorsing sal dr. Du Toit ook die behoeftes van 'n meer gediversifiseerde mark wil aanspreek.

Die projek oor ses jaar, wat in 2005 afgeskop het, word deur die Nasionale Navorsingsraad befonds. In die eerste jaar het dr. Du Toit en haar span al baie vermag. Hulle het twee artikels in geakkrediteerde joernale publiseer en 'n verdere drie artikels is in die pyplyn. Hulle het ook sewe referate gelewer by internasionale konferensies en vier by nasionale konferensies. Een nasionale colloquium is ook gehou oor die onderwerp.





# Deursettingsvermoë sigbaar by registrasieproses

**A**lmal in die Callie Human-sentrum het hard gewerk om die spreekwoordelike wiel van die registrasieproses glad te laat verloop. Volgens mnr. Vernon Collett, Direkteur: Akademiese Studentedienste, was vanjaar se registrasieproses beslis 'n verbetering op verlede jaar se proses.

"Ons probeer om die proses elke jaar te verbeter en het reeds 'n paar idees hoe ons die proses volgende jaar gaan verbeter. Ons wil hê dat daar so min mense as moontlik in die rye moet staan," sê mnr. Collett.

Alhoewel die afdeling Akademiese Studentedienste steeds van die laaste aansoeke van voorgraadse studente verwerk, sal geen nuwe registrasies hanteer word nie. Mnr. Collett versoek egter dat alle nagraadse studente so spoedig as moontlik hulle registrasie sal afhandel. "Dit is net studente wat vir 'n eerste keer registreer vir 'n meesters- of doktorsgraad wat enige tyd in die jaar kan registreer. Herregistrasies (wanneer iemand vir 'n volgende jaar registreer vir sy meesters- of doktorsgraad) moet in die



By die UV se eenstopregistrasiediens is, Sindiswa Nofemele, eerstejaar-B.Com. Bemarkingstudent van Zastron, en mev. Julia Burger, een van die staatmakers in die proses wat studente gehelp het om vir die regte kursus te registreer. Mev. Burger is werkzaam by die Sentrum vir Rekeningkunde.

vasgestelde registrasieperiode afgehandel word. Ons sal egter nog registrasies van nagraadse studente akkommodeer," sê hy.


Daar het vanjaar 12 677 voorgraadse studente aan die UV geregistreer, waarvan 2 663 eerstejaarstudente is.


## Researchers learn new techniques in data analysis

**C**omputer Services conducted SAS Enterprise Guide training on SAS software to a group of researchers. The university bought the SAS software which researchers use to analyse data. Mr Sathie Naidoo from SAS presented this statistical course on techniques to analyse data.



At the workshop were, from the left: Ms Karen Cronje, Centre for Higher Education Studies and Development and co-ordinator of the workshop, Mr Onoufrios Philippou from the Department of Plant Sciences, Ms Kate Smith, Computer Services, and Mr Sathie Naidoo from SAS.





## Hannes se foto's pronk internasionaal



Die komeet C/2006 P1 McNaught deur mnr. Hannes Pieterse se lens gesien.

**M**nr. Hannes Pieterse, webredakteur van die UV in die Afdeling: Strategiese Kommunikasie, se foto's van die swerwer-komeet C/2006 P1 McNaught het na verskeie media oor die wêreld geswerf.

Een van sy foto's van die komeet is as foto van die week op die webwerf van die Amerikaanse sterrekunde-tydskrif *Sky & Telescope* aangewys. Verder het mense van tot sover as Rusland, Indonesië en Japan belang gestel in die foto's. In Japan is een van sy foto's op 'n televisienetwerk uitgesaai en in Indonesië is een van die foto's aan 'n gemeente van ongeveer 500 lede gewys tydens 'n skyfietertoning.

Fotografie was reeds op skool een van mnr. Pieterse se belangstellings. Hy het later op die UV aan 'n kameralklub behoort. Die stokperdjie was ook vir 23 jaar die brood en botter op sy tafel toe hy by *Volksblad* as fotograaf gwerk het. Sterrekundefotografie is 'n meer onlangse stokperdjie van mnr. Pieterse. Hoe voel hy oor al die aandag wat sy foto's geniet? "n Storm in 'n teekoppie," sê hy. Volgens mnr. Pieterse was hy maar net baie gelukkig om die ideale weersomstandighede te hê om dié foto's te neem.

Die komeet C/2006 P1 McNaught is op 7 Augustus 2006 deur 'n Australiese komeetjager, mnr. Robert McNaught ontdek – een van 'n hele paar komete wat hy al ontdek het. Dié komeet is die helderste komeet in veertig jaar en was eers sigbaar in die Noordelike Halfrond en het toe later in

Januarie 2007 in die Suidelike Halfrond sigbaar geword.

"Die komeet, wat geen gevaar vir die aarde inhou nie, kom waarskynlik van die Oort-wolk buite ons sonnestelsel. In die geval van McNaught is hy deur die son aangetrek in 'n elliptiese baan, en was op 29 Januarie 161,25 miljoen km van die aarde en 87,15 miljoen km van die son af," sê mnr. Pieterse.

Wanneer die komeet, wat hoofsaaklik uit bevroe klip bestaan, naby aan die son kom, smelt van die ys en verdamp van die materiaal waaruit die komeet bestaan. Dit is wat aanleiding gee tot die tydelike atmosfeer van koma wat maklik 100 000 km in deursnee kan wees. Die sogenaamde sonwind dryf 'n deel van die materiaal in die koma miljoene kilometers die ruimte in om so oorsprong te gee aan die skouspelagtige stert.

Wanneer 'n swak plek in die kern van die komeet, wat om sy eie as draai, na die son toe wys stel die komeet gasse en stof vinniger vry. Op aarde neem ons dié waar as onreëlmatighede in die stert wat uitsprei (flair) soos wat mnr. Pieterse se foto dan ook skouspelagtig aangetoon het.

Wanneer gaan ons komeet McNaught weer sien? Sterrekundiges beweer dat McNaught wat tans in 'n elliptiese baan om die son beweeg vir 'n tyd lank in hierdie baan kan beweeg of dat hy moontlik deur 'n ander son aangetrek kan word. Dit kan dus miljoene jare van nou af weer sigbaar wees, indien hy sou terugkeer...


### Dates to diarise


- 13-16 March 2007 Drama Department: Die proponentjie (comedy)
- 14 March 2007 Wellness presentation: Emotional Intelligence
- 16-21 March 2007 Drama Department: Soetlief en die getoorde prins (fantasy theatre)
- 20-23 March 2007 Drama Department: Sshebo (drama)

## Students help each other



The Association for Catholic Tertiary Students (Acts) made a contribution to the social worker on campus's office for needy students. "It is our social responsibility," said Kagiso Nkhoma, Chairperson of Acts. At the ceremony were, from the left: Nkhoma, Acts, Tshegofatso Lekgari, Acts, Ms Lenie Kotzé, Social Worker on campus, Loraine Kriek, SRC President on the Main Campus, and Kealeboga Lekutle, also from Acts.





# Klippies in my skoen

## Access system to the swimming pool inaccessible

**Disappointed Prof. C.D. Viljoen writes:** I am writing this letter to bring to your attention the difficulties I have experienced in trying to access the varsity pool according to the new access-control system.

When the notice about "controlled access to swimming-pool" was circulated in the Digest of 23 January 2007, I decided to get my card activated, as my wife and I swim the Midmar Mile in February each year and train in the varsity pool. During lunchtime I went all the way to Room 205B at Kovsie-Sport to get my card activated – to discover that card activation didn't occur during lunch time. Later that afternoon – during work time – I went back to Room 205B at KovsieSport and was informed that card activation only occurred during the morning and that the notice in the *Digest* should have indicated this. However, the sympathetic and helpful young lady activated my card nevertheless.

With an activated card and the expectation of a good training swim, I studied the notice in detail regarding access times. To my dismay I noticed that the swimming pool was only open from 10:00 on Saturday and not at all on Sundays! This surprised me as the swimming pool becomes the local student hangout on Sunday afternoons. Despite my disappointment about Sunday, at least I could access the pool on Saturday – or so I thought.

On Saturday, 27 January 2007, my wife and I arrived expectantly at the varsity pool just after 10:00. No staff member was on duty as indicated in the *Digest* but with the gate open we didn't care. You can imagine our disbelief when after swimming about ten laps or so of the 70 laps required, we were informed that the gates would be locked and that we would be locked in! It turns out that the Bloemfontein Aquatic Club has an access key as they have a training session Saturday mornings before 10:00. So we were

forced to leave the pool feeling rather disappointed.

I didn't make the access control rules, but after paying R50 for access, you can be sure that I expect the rules to be adhered to! Furthermore, the fact that the pool is not open on Sundays is a great disappointment to students as well as myself. I hope this information affords you the opportunity to rectify the glitches in implementing access control to the pool.

**Mr James Letuka, Director:**

**KovsieSport responds:** Thank you for the letter you sent to me regarding the swimming pool control measures. I am aware of the novelty of the system used and the teething challenges accompanying it. I will investigate the issues raised in the letter and respond accordingly. It does seem that several people are involved in this issue and I think it will only be fair to go the full circle in order to establish as to what actually happened.

## "UV-beleid vir langdienserkenning verander elke keer"

**Oorgesien skryf:** Ek is op 1 September 1983 by die UV aangestel, nadat ek reeds ses jaar in diens van die Fakulteit Geneeskunde was – dus altesaam 29 jaar diens. In die tyd het ek slegs een keer (na 10 jaar diens) gekwalifiseer vir 'n langdienserkenning. My beloning: 'n roomkleur serp (wat ek nog nooit gedra het nie!).

Ek het nie daarna gekwalifiseer vir 15, 20 of 25 jaar diens nie, want die UV-beleid het elke keer verander as ek vir die volgende termyn gekwalifiseer het. Intussen het my kollegas wat 10, 20 en 25 jaar diens het, 'n bedrag geld of koopbewys as langdienserkenning ontvang.

In sy ampelike openingstoespraak vroeër vandeesdaan het die Rektor en Visekanselier, prof. Frederick Fourie, gesê dat die UV 'n plek moet wees waar almal kan voel hulle behoort – en waar mense se prestasies erken moet word. Is die feit dat ek vir 29 jaar hier werk nie iets wat erkenning verdien nie? Watter "sin van behoort" kweek dit by my as ek elke oggend in die roomkleur serp in my

kas moet vaskyk?

**Mnr. Lourens Geyer antwoord as volg:** Volgens die beleid vir langdiens-toekennings was daar tot 2001 langdienstoekennings toegeken vir onderskeidelik 10, 20, 25 en 30 jaar diens.

In 2002 het die Langdienstoekeningsbeleid verander en langdienserkenning is gegee aan onderskeidelik 10, 15, 25 en 35 jaar diens.

Gedurende 2002 het alle personele wat kwalifiseer vir langdiens-toekennings ten opsigte van die ou beleid sowel as die nuwe beleid langdienstoekennings ontvang.

Die persoon wat die brief geskryf het, het wel in 1993 gekwalifiseer vir 'n tienjaardienstoekenning en het een ontvang. In 2003 het die persoon 20 jaar diens gehad, maar die beleid het in 2002 gewysig. Die persoon sal wel in 2008 vir 'n vyf-en-twintigjaarlangdienstoekenning kwalifiseer.

## Uitgestotenes by party onaanvaarbaar


**Party-ganger skryf:** Dit is vir my duidelik dat ons mense nog ver moet gaan om respek vir ander mense te toon. Veral mense wat ons na funksies nooi om daardie oomblikke onvergetelik te maak. Ek dink hier aan musikante, tegnici, fluistertolke en die media.


Ek was onlangs weer by 'n geleenthed waar hierdie mense maar stief behandel is. Ek het skoon skaam gekry toe die "gaste" die een gang na die ander met smaak verslind terwyl hierdie mense nie kos of iets te drinke kry nie.

Dit is ook nie dat daar 'n kafee in die onmiddellike omgewing is waar die "uitgestotenes" 'n pak tjips en 'n coke kon gaan koop nie. Die minste wat ons kon doen, was om te sorg dat hierdie mense ook iets te ete en te drinke kry. Dit is mos net ordentlikheid.

Dan ook die sogenaamde "mediatafels" by geleenthede. Daar is min dinge wat 'n mediamens so 'n klap in die gesig gee as om ooglopend

Klippies.. vervolg op bl.24





# Sparkie



## Advertensies

**Stilbaai, Garden Route.** Lovely three bedroom, centrally located, fully furnished holiday house. Ideal for family holidays. Sleeps up to 6 people. Available throughout the year. For more info please visit [www.wheretostay.co.za/hulala](http://www.wheretostay.co.za/hulala) or phone 073 179 0291

**Woon produksies gratis by!** Sluit aan by die teaterklub teen R50-R80 per jaar en ontvang gereeld nuus oor opvoerings en woon alle produksies van die Departement Drama en Toneelkunde gratis by! Pensioentrekkers, kinders en studente sluit teen slegs R50 per jaar aan. Hierdie uitnodiging is nie slegs vir UV-personeellede nie. Almal kwalifiseer.

**Soek vakansie verblyf by die see.** Vir Desember 2007 (23 Desember tot 5 Januarie 2008) vir sewe volwassenes. Loopafstand van see indien moontlik. Kontak 051 4013237 of 0826651966.

### Publikasiebesonderhede

Dumela word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs

**Uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing

**Drukwerk:** PrintAbility

Menings wat in Dumela gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.

### Adresplakker

## Eerste oriënteringsessie in fakulteit aangebied



By die oriënteringsessie was, van links: mnr. Stefan du Toit, junior dosent in die Departement Kurrikulumstudies, dr. Charity Ndereya, senior dosent in die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling, mnr. Mandla Mthombeni, junior dosent in die Departement Politiese wetenskap, prof. Engela Pretorius, Vise-dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe, me. Glynnis Daries, dosent in die Departement Kurrikulumstudies, me. Colwyn Martin, dosent in die Departement Kurrikulumstudies, en prof. Gerhard de Klerk, Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe.

**N**uutaangestelde dosente van die Fakulteit Geesteswetenskappe het 'n oriënteringsessie bygewoon wat deur dr. Hannemarie Bezuidenhout, Bestuurder: Onderrig en

Leer in die dekaan van dié fakulteit se kantoor, aangebied is. Sowat 40 personeellede het dié program bygewoon wat vir die eerste keer in die Fakulteit, Geesteswetenskappe aangebied is.

Klippies.. vanaf bl.23

"apartheid" by sulke geleenthede te ervaar. Die mense word genooi om in hulle volgende uitgawes publisiteit aan die geleenthed te gee. As die advertensiekoste van hulle mediadekking bereken word, "betaal" hulle nogal duur om die geleenthede by te woon.

Hulle is nie wesens uit die buitenste ruimte nie. Maak hulle deel van die fees. As geskenke uitgedeel word, sluit hulle in. Moenie so inhalig wees nie.

Dalk kry jy hierdie keer en in die toekoms beter dekking.

In hierdie dae sal ons nie daarvan droom om dienswerkers so af te sonder nie. Hoekom doen ons dit dan met media-mense?

Ek hoop mense lees hierdie en toon die nodige respek teenoor almal wat na funksies genooi word. Die UV is afhanglik van die welwillendheid van baie mense.



dumela.stg@mail.uovs.ac.za



<http://www.uovs.ac.za/publications>  
<http://www.uovs.ac.za/publikasies>

